# <u>Romeine 5</u>

***Hoe dit gebeur het dat Romeine 5 my te beurt sou val, is menslik onbeskryfbaar.***

***± 2 jaar gelede het ek my Pa se Bybel geneem, sy oë het baie verswak en het ek sy Bybel geneem bietjie groter skrif.***

***So werk ek maar deur boeke van Bybel soos wat ons Selgroep en Kingsman, CCEP aanbeweeg***

***Andries deel Romeine uit aan ons met elkeen wat 'n hoofstuk kry. Myne is <u>Romeine 5</u>.***

***Langs Romeine 5 in my Pa se Bybel het hy in sy handskrif my naam Gerrit geskryf, hoe toepaslik is dit nie. Dus voorwaar 'n genade en voorreg om die ervaring te kan deel.***

## Romeine 5. <u>Opskrif Versoening met God en Vrede deur Geloof</u>.

Hierdie hoofstuk word in twee gedeel, en vorm sekerlik die **hart** van die Nuwe Testament.

<u>Rom 5 Vers 1.</u>

So ons is uit geloof dus regverdig en het sodoende ons vrede by God, <u>**maar deur Jesus Christus**</u>.

Verwys na

<u>**Joh 10:9**</u>. Ek is die **deur, as iemand deur my ingaan** sal hy Gered word, so is hy Jesus Christus ons middelaar tot die Koninkryk.

Verwys na

<u>**Rom 9:11**</u> maar uitverkies deur God sodat, sodat sy wil en belofte kan volstaan.

<u>**Rom 5 Vers 2**.</u>

Verwys – Ons deur geloof ***ook toegang gekry*** het tot hierdie genade, waarin ons staan.

Sien **watter toegang word hier bedoel.**

<u>**Ef 2:18-19**</u>. **Die toegang deur** een Gees tot die Vader (19), so is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, (verlore seun) maar medeburgers van die Heiliges en Huisgenote van God (20), Gebou op die fondamente van Apostels en Profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is (22), in wie julle ook saam opgebou word, tot 'n <u>**woning van God in die Gees.**</u>

<u>**Rom 5:8(6**</u>) Christus vir ons gesterf toe ons nog sondaars was.

<u>**Rom 5 Vers 10**</u>

Versoen met God deur die dood van sy seun. (Weereens deur Jesus Christus)

<u>**Rom 5 Vers 11**</u>

Sluit die eerste helfte van Romeine 5 af met ons roem nou ook in God deur Jesus Christus deur wie ons nou versoening verkry het. (dink aan, ons is nou World Cup Champions – deur die Springbokke wat gewen het)

**Rom 5 :1-11**

*Is dus die seëninge – Genade – Versoening uit die werking wat van Jesus Christus voorspruit.*

**Rom 5 : 12-21**

***Wys ons nou die werklikheid van Jesus Christus te lewe.***

**Rom 5 Vers 12**

Daarom soos een mens die sonde die wêreld ingekom en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense, omdat almal gesondig het.

**Sien kruisverwysing Gen 3:6** – Toe sien die vrou goed was om van te eet, en gee ook vir haar man om te eet. (Ongehoorsaamheid tot God se word).

**Rom 5:15** – Kom dus die genade (Lewe) deur een mens Jesus Christus in oorvloedigheid tot baie. Versit veel meer in oorvloed van genade en gawe van geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die een Jesus Christus.

**Rom 5 Vers 21 (b)**

Sluit af sodat die genade kan heers deur die geregtigheid.

**Sien kruis verwysing Joh 1: 17** – Die wet is deur Moses gegee en die waarheid (geregtigheid) het deur Jesus Christus gekom.

**Rom 5 : 21** sluit af ,die ewige lewe deur Jesus Christus.

**Sien kruis verwysing Rom 4:17(b)** waar geen wet is nie, daar is ook geen oortreding ontvang nie.

Hier is dus die vry- spraak van sonde deur Jesus Christus.

Romeine 5 wys dus vir ons uit die versoening met God en Vrede deur geloof en hoe ons deur Jesus Christus tot genade en geregtigheid tot God kom, en ***deur die lewe van die een nl Jesus Christus.***

## Slotsom

God se verlossingsplan is in ***Romeine 5*** uiteengesit.

Die bewys dus dat nadat die sondaar vrygespreek is omdat hy glo (geloof) in Jesus Christus, op grond van God se genade, word seëninge wat uit die werk van Jesus Christus voortspruit (Rom 5 Vers 11) Rom 5 vers 12-21 word dus die werklikheid in en deur ons lewens in Jesus Christus.

**Sien kruis verwysing 1 Kor 6:15 – 20** Weet julle nie dat julle liggame lede van Christus nie?

## ***AMEN***

***Dankie julle dit was n besonderse stuk , wat ek nooit eers geweet het my naam was vir my natuurlike Vader so belangrik dat hy aan my moes dink toe hy etlike jare gelede my naam langs ROMEINE 5 moes skrywe.***

***Lief julle almal***